


# BRANDE EN REGSAANSPREEKLIKHEID

**INSURE**

DOEN DIE ONGELOOFLIKE ELKE DAG

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).

# INLEIDING

Groot dele van Suid-Afrika word jaarliks deur wegholbrande geteister, veral landbouprodusente word geraak en onberekende skade word aangerig.

Vuur is inherent gevaarlik en daar rus ’n swaar verpligting op ’n grondeienaar op wie se grond ’n brand woed, om te verseker dat omliggende grondeienaars nie skade ly as gevolg daarvan nie.

Talle hofsake is al gevoer weens veldbrand en goeie buurmanskap is ook al as gevolg daarvan vertroebel. Die ontstaan en verspreiding van veldbrande kon in baie gevalle voorkom gewees het.

Dit is **belangrik om bewus te wees van die verpligting wat rus op ’n grondeienaar en die regsimplikasies van veldbrande,** sowel as die mees algemene oorsake van brande op plase:

- weerlig
- spontane ontbranding
- brandstigting
- beheerde brande wat buite beheer raak
- kookvure
- rook
- vullisverbranding
- die uithaal van heuning
- die gebruik van toerusting en werktuie
- treine en treinspore
- kraglyne
- vuurwerke, noodfakkels, vuurwapens, ammunisie en
- smeulende materiaal, om ’n paar te noem.

Daar word telkens in hierdie dokument na hofsake verwys ten einde die regsposisie te illustreer.

**Hierdie dokument het ten doel om inligting te verskaf en nie regsadvies nie.**

# GROOT PLIG RUS OP GRONDEIENAARS

Veldbrande bring nie net groot verliese vir boere mee met betrekking tot die skade wat gely word en die verlies aan inkomste nie, maar kan ook ernstige regsgevolge inhou.

Kragtens **die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande nr. 101 van 1998 (soos gewysig)** beteken die woord “eienaar” ook die huurder of enige ander persoon wat die grond beheer.

Vuur is inherent gevaarlik en 'n grondeienaar op wie se plaas 'n brand woed, moet onthou dat 'n swaar verpligting op hom rus om te verseker dat omliggende grondeienaars nie skade ly as gevolg daarvan nie.

In die saak *Van Wyk vs Hermanus Municipality 1963 (4) SA 285 (KPA)* het die Hooggeregshof by monde van regter C.J. Watermeyer beklemtoon dat daar 'n swaar verpligting rus op iemand om te keer dat 'n vuur wat hyself aangesteek het, versprei. Wanneer iemand 'n gevaarlike taak onderneem, soos om 'n vuur aan te steek, is hy nalatig tensy hy die nodige kundigheid en toerusting het om dit te beheer.

Die Appélhof in die saak van *Simon's Town Municipality vs Dews 1993 (1) SA 191 (A)* by monde van oud-hoofregter M.M. Corbett het gewaarsku dat enigiemand wat 'n vuur in die oop veld aansteek, verplig is om alle redelike voorsorgmaatreëls te tref om dit te beheer en te keer dat dit verder versprei as wat beplan is.

Weens die inherent gevaarlike aard van vuur word 'n hoë standaard van sorg en versigtigheid gestel. Die betrokke persoon moet die nodige kundigheid en toerusting hê om die vuur te beheer. Veral wind hou gevaar in wanneer veld gebrand word omdat dit 'n brand maklik en vinnig kan laat versprei en buite beheer kan laat raak.

Hierdie swaar verpligting geld nie net vir 'n vuur wat deur 'n grondeienaar of bewoner self aangesteek is nie. Dit geld ook betreffende 'n vuur wat nie deur sy toedoen op sy grond ontstaan of daarheen versprei het nie.

In die saak van die *Minister of Forestry vs Quathlamba (Pty.) Ltd. 1973 (3) SA 60 (A)* het die Appélhof soos volg beslis: Sodra 'n grondeienaar of bewoner in 'n landelike gebied bewus raak daarvan dat 'n vuur op sy eiendom ontstaan het of daarheen versprei het en hy voorsien (of behoort redelikerwys te voorsien) dat dit kan versprei na en skade aanrig aan 'n ander se eiendom, vereis die Suid-Afrikaansereg van hom om, met die middele tot sy beskikking, redelike stappe te doen om die brand te beheer of te blus.

In so 'n geval is daar derhalwe 'n verpligting op 'n grondeienaar om redelik op te tree in 'n poging om voorsienbare skade vir andere te voorkom.

# SEKERE ALGEMENE OORSAKE VAN VELDBRANDE

### WEERLIG

Dit is 'n algemene wyse waarop brande ontstaan, veral in gebiede waar gereeld donderstorms voorkom. Weerlig kan die veld aan die brand steek, maar kan ook op onregstreekse wyse 'n brand veroorsaak, byvoorbeeld deurdat 'n kraglyn afgeslaan word en 'n brand ontstaan.

In ons reg word hierdie ontstaanswyse dikwels as ***vis major*** beskryf, met ander woorde dit is nie regstreeks te wyte aan menslike optrede nie en is nie voorkombaar nie. Die verpligting wat rus op 'n grondeienaar of bewoner soos hierbo in die Quathlamba-saak beskryf, moet egter in gedagte gehou word. 'n Grondeienaar op wie se eiendom 'n brand deur weerlig ontstaan, is derhalwe verplig om, met die middele tot sy beskikking, redelike stappe te doen om die brand te beheer of te blus.

**SPONTANE ONTBRANDING**

Brande kan ook begin as gevolg van spontane ontbranding, van kuilvoergate asook hope grondboondoppe, houtsaagsels, ens.

In die saak van *Durban City Council vs S.A. Board Mills Ltd 1961 (3) SA 397 (A)* het 'n brand op 'n munisipale vuilgoedhoop ontstaan. Die brand het vermoedelik as gevolg van spontane ontbranding ontstaan. Dit het na die eiser se naburige eiendom versprei en onder meer 'n fabriek beskadig.

Die hof het bevind dat die verweerder moes toegesien het dat daar geen ontvlambare materiaal, soos los papiere, kartonhouers of sementsakkies, op die vuilgoedhoop was wat aan die brand kon raak en deur die wind weggewaai word nie. Dit is bevind dat die verweerder nalatig was.

**BRANDSTIGTING**

Brandstigting is 'n algemene oorsaak van veldbrande. Daar kan verskeie motiewe wees vir brandstigting, byvoorbeeld arbeidsonrus. 'n Voorbeeld hiervan is die saak van *McMurray vs H.L. & H. (Pty.) Ltd. 2000 (4) SA 887 (NPA).*

**In hierdie saak het die eiser skadevergoeding gevorder as gevolg van brande wat na bewering opsetlik deur werknemers van die verweerder op die verweerder se plaas veroorsaak is. Die verweerder was die eienaar van bosbouplantasies. Die brand het na die eiser se plaas versprei en daar skade veroorsaak. Die eiser het beweer dat die verweerder nalatig was deur dissiplinêre optrede toe te pas teen sy werknemers in die volgende omstandighede:**

- die verweerder het geweet dat toestande gunstig was vir die vinnige verspreiding van veldbrande
- die verweerder het geweet dat sy werknemers waarskynlik uit weerwraak teen tugoptrede brande op sy plaas sou stig en
- die verweerder het desnieteenstaande voortgegaan met tugoptrede wat gelei het tot die ontslag van sy werknemers.

**Tydens die verhoor was die geskilpunte tot die volgende vrae beperk:**

- of die verweerder se afgedankte werknemers verantwoordelik was vir die stig van die brande
- of die verweerder se optrede om voort te gaan met die tugoptrede en

die ontslag van die werknemers die brande en die gepaardgaande skade veroorsaak het
- of die verweerder se volharding met die tugoptrede en ontslag van die werknemers op die dag van die brand onregmatige optrede teenoor die eise daargestel het.

Die hof het bevind dat, indien die verweerder se werknemers geweet het dat hulle nie gedurende die brandtyd getug of ontslaan sou word op grond van wangedrag nie, daar vir hulle geen motivering sou wees om produktief op te tree nie. Die bosboubedryf sou benadeel word indien die verweerder se optrede as onredelik gebrandmerk sou word.

Dit kon derhalwe nie gesê word dat die verweerder se optrede onredelik was ooreenkomstig die regsgevoel van die gemeenskap nie. Die eiser se eis is gevolglik van die hand gewys.

**BEHEERDE BRANDE WAT BUITE BEHEER RAAK**

Wegholveldbrande ontstaan dikwels deurdat beheerde brande (byvoorbeeld wanneer brandstroke gebrand word) buite beheer raak. Weens die inherent gevaarlike aard van vuur is dit noodsaaklik dat uiters versigtig te werk gegaan word wanneer 'n grondeienaar 'n beheerde brand op sy plaas maak.

Die saak van *Van der Eecken vs Salvation Army Property Co. And Another 2008 (4) SA 28 (TPA)* is 'n voorbeeld van 'n geval waar skade veroorsaak is toe 'n beheerde brand buite beheer geraak het. Die eiser het 'n aksie ingestel toe sy huis afgebrand het weens 'n brand wat ontstaan het op en versprei het vanaf die verweerders se nabygeleë (maar nie aangrensende) eiendom. Die verweerders het die vuur vir 'n beheerde brand aangesteek. Die vuur, wat deur die wind aangeblaas is, het buite beheer geraak en uiteindelik die eiser se eiendom bereik.

Die hof het bevestig dat daar 'n regsplig rus op grondeienaars in 'n landelike gebied om nie skade vir mekaar te veroorsaak deur nalatiglik toe te laat dat vure van hul eiendom versprei nie.

**Die hof het beslis dat die verweerders dié regsplig oortree het deur te versuim om:**

- hul bure in te lig van hul voorneme om beheerde brande aan te steek
- hul bure se toestemming te bekom of genoegsame kennis aan hulle te gee
- die brandgevaarindeks vas te stel en
- te verseker dat genoeg opgeleide mense teenwoordig is in die gebied van die beheerde brand.

Die toestande was voorts nie gunstig vir beheerde brande nie. Die hof het dus beslis dat die verweerders nalatig was en derhalwe aanspreeklik om die eiser vir sy skade te vergoed.



## MIDDELLIKE AANSPREEKLIKHEID

Die term "middellike aanspreeklikheid" dui op onregstreekse pleks van regstreekse (persoonlike) aanspreeklikheid; dit wil sê een persoon word regtens vir die onregmatige daad van 'n ander persoon aanspreeklik gehou. Tussen hierdie twee persone moet daar een of ander regsverhouding bestaan.

Die algemeenste regsverhouding wat middellike aanspreeklikheid daarstel, is dié van werkgewer en werknemer. Wanneer 'n werknemer binne die aard en omvang van sy diensbestek 'n onregmatige daad pleeg, is sy werkgewer middellik aanspreeklik vir skade wat voortspruit uit die werknemer se onregmatige daad. 'n Handeling ('n daad of 'n versuim om te handel) deur die werkgewer word nie vereis nie, maar hy word aanspreeklik gehou vir die handeling van sy werknemer.

## ROOK

Dit is welbekend dat sigaretstompies veldbrande kan veroorsaak. In gevalle waar 'n werknemer rook terwyl hy aan diens is en 'n brand ontstaan, is die vraag dikwels of hy opgetree het binne die aard en omvang van sy diensbestek.

In die saak van *Viljoen vs. Smith 1997 (1) SA 309 (A)* het die eiser 'n aksie ingestel teen die verweerder vir die verhaal van skade wat hy na bewering gely het as gevolg van 'n veldbrand op sy plaas. Die verweerder het op 'n plaas aangrensend tot die van die eiser geboer. Die eiser het beweer dat 'n werknemer van die verweerder die brand nalatig in die loop van sy diens en binne sy diensbestek veroorsaak het en dat die verweerder gevolglik middellik aanspreeklik was.

Die werknemer het blykbaar, terwyl hy besig was met sy werk in die wingerd, weggestap om hom te gaan ontlas. Daar was nie toiletgeriewe anders as tuis beskikbaar nie en daar is van werkers verwag om daardie geriewe te gebruik voordat hulle soggens inval of tydens etenstye. Sou hulle intussen 'n behoefte kry,

kon hulle die nodige in die veld of desnoods in die wingerd doen.

Draadkruipery en oortreding op bure se grond vir daardie of enige ander doel was streng verbode en strafbaar met boetes. Strydig met die verbod van sy werkgewer het die werknemer deur die draad geklim en ongeveer 70 meter verder gestap tot by ’n plek in die bosse op die eiser se plaas waar hy hom ontlas het en gepoog het om ’n sigaret aan te steek. Die kop van die vuurhoutjies het afgebreek en weggespat en die brand veroorsaak. Daardie punt was ongeveer 300 meter vanaf die plek waar hy gewerk het.

Die hof het beslis dat die vraag of ’n werknemer sy diens inderdaad laat vaar het, ’n feitevraag was wat in enige bepaalde geval op die waarskynlikhede beslis moes word – hoofsaaklik, indien nie uitsluitlik nie, aan die hand van die graad van die afwyking.

Voorts het die hof beslis dat daar nie met die verweerder se betoog saamgestem kon word nie dat die punt waar die werknemer hom ontlas het en gepoog het om ’n sigaret aan te steek (ongeveer 300 meter vanaf die plek in die wingerd waar hy gewerk het), so ’n wesenlike afwyking was dat dit met reg gesê kon word dat hy sy diens tydelik laat vaar het of, anders gestel, dat hy tydens sy ekskursie nie in die bestek van sy diens opgetree het nie.

Gevolglik is bevind dat die werknemer wel in die bestek van sy diens opgetree het en is die verweerder derhalwe middellik aanspreeklik bevind.

**UITHAAL VAN HEUNING**

Die bedrywighede van byeboere en pogings om heuning uit te haal, het al veldbrande tot gevolg gehad.

In die saak van ***Meter NO vs. Geo Parkes & Son (Pty.) Ltd. [2006] SCA 161 (RSA)*** het die eienaar van byekorwe op die verweerder se plaas saam met ’n vriend onderhoudswerk aan die byekorwe gedoen. ’n Byeroker is gebruik om die bye te kalmeer. Die byeroker was met brandende dennenaalde gevul. ’n Brand het ontstaan, na die eiser se plaas versprei en het omvattende skade aangerig.

Die eiser het ’n aksie teen die eienaars van die plaas ingestel, en die hof het bevind dat hulle (as verweerder) nie daarin geslaag het om die vermoede van nalatigheid, soos geskep deur artikel 34(1) van Wet 101 van 1998, te weerlê nie.

In die saak van ***Lubbe vs. Louw (2006) 4 All SA 341 (A)*** het die verweerder ’n werknemer, Kotelo, na een van sy ander plase gestuur om die besproeiingstelsel af te skakel. Kotelo het ’n saamrygeleentheid gegee aan ’n mede-werknemer, Rolls, en ’n ander persoon, Draadmaker.

Op pad terug het Draadmaker vir Kotelo versoek om stil te hou. Draadmaker en Rolls het gepoog om bye uit te rook ten einde heuning in ’n populierboom uit te haal. Kotelo het hulle gewaarsku om dit nie te doen nie weens die gevaar dat die veld aan die brand kon raak. Hulle het hulle egter nie aan hom gesteur nie.



Kotelo het by die voertuig agtergebly. Draadmaker en Rolls het sonder heuning teruggekeer en het Kotelo verseker dat hulle die vuur wat hul gemaak het, geblus het.

'n Rukkie later het hulle egter 'n vuur naby die betrokke populierboom opgemerk. Hul pogings om die vuur te blus, was tevergeefs.

Dit het versprei en skade aan die eiser se eiendom aangerig. Die hof het bevind dat die verweerder nie die statutêre vermoede van nalatigheid weerlê het nie en dat hy derhalwe aanspreeklik was om die eiser vir sy skade te vergoed.

**VULLISVERBRANDING**

Brande ontstaan dikwels deurdat huishoudelike vullis of ander afvalmateriaal in asgate, vuilgoeddromme, ensovoorts, verbrand word. Dikwels word dooie of afgesnyde plantmateriaal ook in hope bymekaar gemaak en aan die brand gesteek. Vele brande het al as gevolg daarvan ontstaan. Ook die brand van stoppellande hou 'n brandgevaar in.

Indien enige van sodanige aktiwiteite nalatig uitgevoer word, kan dit natuurlik lei tot die aanspreeklikheid van die dader en/of sy werkgewer.

**GEBRUIK VAN TOERUSTING KAN BRANDE VEROORSAAK**

Veldbrande ontstaan blitsvinnig en dikwels onvoorsiens, byvoorbeeld deur ‘n vonkie vanaf ‘n kraglyn of meganiese komponente. Daar rus ‘n plig op grondeienaars om onder meer toe te sien dat hul toerusting in ‘n goeie toestand is en dat hulle of hul werkers nie nalatig optree nie.

Daar is talle onstaanwyses van brande – die lys is potensieel onbeperk, hier volg 'n paar algemene oorsake.

## DIE GEBRUIK VAN TOERUSTING EN WERKTUIE

**Brande kan ontstaan weens die gebruik van meganiese toerusting. Voorbeelde hiervan is:**

- wrywing (byvoorbeeld foutiewe metaalkomponente skuur teen mekaar en veroorsaak vonke)
- brandstof (byvoorbeeld lekkasies of die storting van brandstof)
- meganiese onklaarraking, soos elektriese kortsluitings wat vonke veroorsaak
- warm onderdele of komponente van 'n voertuig (soos 'n warm enjin of uitlaatstelsel wat met droë gras in aanraking kom)
- koolstof afkomstig van uitlaatstelsels (byvoorbeeld warm koolstofstukkies wat deur 'n trekker se uitlaatpyp uitgeskiet word) en
- sweiswerk en die sny en slyp van metale.

Die saak van *Clan Syndicate (Pty.) Ltd vs. Peattie 1986 (2) 777 (A)* is 'n voorbeeld van 'n geval waar 'n brand veroorsaak is deur die gebruik van 'n meganiese werktuig. In dié saak het 'n brand ontstaan in 'n houtplantasie op die verweerder se plaas en versprei na die houtplantasies op die eiser se plaas as gevolg waarvan die eiser skade gely het.

Die eiser het 'n aksie teen die verweerder ingestel en beweer dat die verweerder se werknemers nalatig was, wat die ontstaan asook die verspreiding van die brand betref. Dit het tydens die verhoor geblyk dat die brand ontstaan het gedurende die spits-brandtyd terwyl daar 'n hoë risiko vir brande in die plantasies bestaan het as gevolg van baie droë toestande.

Op dié betrokke dag was daar 'n groep werkers in die omgewing van die plantasie teenwoordig en hulle is nie van 'n span brandbestryders vergesel nie. Terwyl die res van die werkers met ontbyt was, het een van hulle in die plantasie gebly, besig om 25 jaar oue dennebome met 'n petrolaangedrewe kettingsaag af te saag. Terwyl hy daarmee besig was, het die dennenaalde agter hom aan die brand geraak. Die res van die werkers het takke afgebreek om die vlamme dood te slaan, maar die vuur, wat deur die sterk bergwind aangeblaas is, het buite beheer geraak. Byna 'n duisend hektaar bos is verwoes en groot skade is aan die eiser se plantasies aangerig.

Uit die getuienis het dit geblyk dat die betrokke kettingsaag warm koolstofdeeltjies kon uitskiet indien daar 'n opbou van koolstof in die uitlaatstelsel van die kettingsaag was. So 'n opbou van koolstof sou geskied indien die uitlaatstelsel nie gereeld skoongemaak is nie, welke proses 'n omvattende maandelikse diens sou behels.

Die hof het beslis dat die gebruik van die foutiewe kettingsaag die waarskynlikste oorsaak van die brand was en dat die fout voorkom kon gewees het deur die gereëlde roetinediens van die kettingsaag. Die hof het gevolglik beslis dat die verweerders aanspreeklik is.

## TREINE EN TREINSPORE

Skade word ook somtyds aangerig as gevolg van brande veroorsaak deur brandende voorwerpe afkomstig vanaf treine.

**Voorbeelde hiervan is:**

- suikerrietplantasies beskadig deur 'n brand veroorsaak deur 'n brandende voorwerp afkomstig van 'n treinlokomotief – *Moonsamy vs. South African Railways and Harbours 1962 (4) SA682 (NPA)*
- 'n koringland, 'n aantal sakke klaar geoeste koring asook weiding beskadig deur 'n brand veroorsaak deur brandende materiaal afkomstig van 'n treinlokomotief – *South African Railways and Harbours vs. du Preez 1952 (1) SA 81 (KPA).*

In die saak van *Gouda Boerdery Bpk. vs. Transnet 2005(5) SA 490(A)* het 'n brand in 'n spoorwegreserwe ontstaan en van daar versprei na die eiser se eiendom waar dit skade aangerig het. Die eiser het gesteun op die vermoede van nalatigheid, soos geskep deur artikel 34 (1) van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande nr. 101 van 1998.

Die artikel bepaal as iemand wat 'n siviele geding aanhangig maak, bewys dat hy 'n verlies gely het weens 'n veldbrand wat deur die verweerder veroorsaak is of begin het op of versprei het vanaf grond wat deur die verweerder besit word, word vermoed dat die verweerder nalatig was met betrekking tot die veldbrand totdat die teendeel bewys word – tensy die verweerder 'n lid is van 'n brandbeskermingsvereniging in die gebied waar die brand voorgekom het.

Ten einde te bepaal wat 'n veldbrand is, moes die hof eers bepaal wat "veld" is. Ná die oorweging van vyf gesaghebbende woordeboeke se definisie van die woord "veld" asook twee vorige hofuitsprake het die hof tot die gevolgtrekking gekom dat 'n spoorwegreserwe nie aan die vereiste van "veld" voldoen nie. Die brand wat daar ontstaan het, was dus nie 'n veldbrand nie. Gevolglik is die verweerder nie getref deur artikel 34 se vermoede van nalatigheid nie.

## KRAGLYNE

**Brande ontstaan ook somtyds onder of in die nabyheid van kraglyne. Gevalle is bekend waar brande ontstaan het deurdat:**

- kraglyne aanmekaar raak (byvoorbeeld weens wind), 'n vonk afgee en die veld aan die brand gesteek word
- weerlig 'n kragdraad afslaan en 'n brand as gevolg daarvan begin;
- 'n Kragpaal omval of afbreek en die kraglyne 'n kortsluiting veroorsaak wat 'n brand tot gevolg het
- nome onder of in die omgewing van kraglyne met die kragdrade in aanraking kom of 'n boom (of 'n tak) op 'n kraglyn val en
- diere (soos katte en bobbejane) teen kragpale opklim en kortsluitings veroorsaak.

### VUURWERKE, NOODFAKKELS, VUURWAPENS EN AMMUNISIE

Dit is 'n bekende feit dat vuurwerke en klappers brande kan begin. Kinders wat met vuur (byvoorbeeld vuurhoutjies, klappers of vuurwerke) speel, het al brande veroorsaak wat groot skade tot gevolg gehad het.

Hoewel dit selde voorkom, kan vuurwapens en ammunisie ook brande begin. Ook brande wat deur noodfakkels begin is, is raar, maar waar. So, byvoorbeeld, het 'n brand na bewering gedurende Februarie 2010 naby Hermanus in die Wes-Kaap ontstaan deurdat 'n plaaswerker 'n noodfakkel na 'n lastige bobbejaan afgevuur het. Die plaaswerker het na bewering die noodfakkel in 'n vuilgoeddrom gekry waar dit vermoedelik deur 'n booteienaar weggegooi is.

### SMEULENDE MATERIAAL

Ná enige veldbrand is dit noodsaaklik om stappe te doen om te verseker dat smeulende materiaal nie opnuut 'n brand veroorsaak nie. Sekere materiaal (byvoorbeeld boomstompe en droë beesmis) kan lank ná 'n brand nog smeul. Die wind kan veroorsaak dat dit weer opvlam of kan gloeiende stukkies daarvan wegwaai en in droë gras laat beland. Dit is derhalwe noodsaaklik om smeulende materiaal ná enige brand behoorlik te blus.

Enige boer wat 'n brand op sy grond ondervind het, moet sy versekeraar so spoedig moontlik in kennis te stel – veral as die brand na ander mense se eiendom versprei het.

## REGSAANSPREEKLIKHEID EN JOU VERSEKERINGSKONTRAK

Dit is belangrik om daarop te let dat waar 'n versekeringskontrak ter sprake kom daar slegs dekking sal wees indien die versekerde **regtens aanspeeklik** is, onderhewig aan die omskrewe gebeurtenisse, terme, limiete, voorwaardes, uitsonderings, bepalings, waarborge, uitbreidings en spesiale bepalings van die kontrak.

**Die Reg** en jou versekeringskontrak loop hand aan hand.

'n Buurman of derdeparty kan dus nie besluit dat jy **regtens aanspreeklik** is en dat jou versekeringskontrak skadevergoeding moet betaal nie.

**Hierdie dokument het ten doel om inligting en nie regsadvies nie, te verskaf.**

**Bronne:**

- Die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande nr. 101 van 1998 (soos gewysig)
- Christo Potgieter, direkteur van Honey Prokureurs, Kaapstad en John Smit, senior regsadviseur van (Mutual & Federal)/Old Mutual Insure, Kaapstad *(geplaas met toestemming van Landbouweekblad)*

# OPSOMMING

In 'n onvoorspelbare omgewing wat 'n impak op jou boerdery-besigheid het, benodig jy die regte versekeringsvennoot om jouself en jou besigheid te beskerm teen landboubate- en aanspreeklikheidsrisiko's.

As 'n leier in spesialis landbou-bateversekering verskaf **Old Mutual Insure Agri** reeds vir meer as 'n eeu, finansiële gemoedsrus en beskerming teen verskeie risiko's.

Ons doelgemaakte produkte verskaf oplossings vir werklike probleme en word gerugsteun deur voortreflike diens en ondersteuning via 'n landwye taknetwerk, met verkoopskantore regoor die land.

Die **Old Mutual Insure Agri** spesialiste is daar om jou met inligting en die nodige versekeringsdekking by te staan.

**Kontak jou makelaar of adviseur of besoek ons webwerf vir inligting rakende ons landbou-produkoplossings vir die moderne boer en die verkoopskantoor naaste aan jou.**

**www.ominsure.co.za**

OLDMUTUAL

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure, 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer (FDV 12).